# ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

16 Mei 2013

Dagsê Almal

**My storie**:

Dankie Vader dat ek weer veilig terug is by die Eljada Huis nadat ek my nuutste kleindogter gaan ontmoet het in Dubai. Sy is pragtig en gesond en dit gaan goed met haar en haar ma.

Steel? Wat gedoen? was my vraag aan God vanoggend nadat ons gisteraand iemand betrap het met ‘n liter melk in haar drasak wat sy uit die yskas verwyder het sonder om te vra. Ek was skoon naar op die maag want hier is ‘n vrou wat reeds platgeslaan is deur die lewe. Sy het drie pragtige seuntjies wat sy alleen moet grootmaak met geen inkomste of werk nie. My vraag is waarom dan hierdie uiterste stap terwyl ons elke oggend ons Bybels oopmaak en saampraat oor wat is reg en verkeerd en kruisig die ou natuur. Ek vind my antwoord in die Skrif vanoggend want my reaksie was om vir haar te sê sy moet maar ‘n ander heenkome vind want ek kan nie diewe hier toelaat nie. MAAR die Here het haar dan hierheen gelei?? 1 Kor 5:10 het my ‘n ander perspektief gegee en ek vra **BID** asseblief vir hierdie huis en vir my, Petro en Phina wat daagliks met hierdie mense en hul probleme werk. Elke dag hier is ‘n uiterse emosionele ervaring wat diep in ons menswees (Heilige Gees) gaan soek vir die ***regte*** antwoorde volgens die Skrif en nie die eie ek nie. Dankie vir jul gebede

**Ons behoeftes:**

***KOS GROOT ASSEBLIEF*** –

*Blikkies – vleis, vis en groente
*Soja, rys, macaroni en spaghetti
*Koffie, tee, suiker en boksmelk
*Broodsmere – margarien, konfyt, stroop, grondboontjiebotter, Bovril
*Kookolie, eiers en koekmeel
*Vars vleis, groente en vrugte
*** Toiletware – badseep, tande pasta, sjampoe, spuitgoed, aanrol, skeermesse, sanitêre doekies, handeroom, toiletpapier, was poeier en sunlightseep.

**Ander behoeftes:**

# Komberse
# Enkelbedjies met matrasse vir 2 mans, driekwartbed matrasse vir 2 kinders en stapelbedjies(die wendy huisies is baie klein.
# Margarien of ander lee plastiese houers en blikke,
# Ou krale, knope, kant en lintjies
# Ou hangers, skottels en bake
# Plastiese sakkies

Eljada Huis groete. Annatjie

Ons bankbesonderhede :
***Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, kode 051001***

***Eljada Huis***
***Boekenhoutkloof straat 949, Claremont.***
***T – 012 377 0503***
***S – 072 855 8289 Annatjie***
***S – 076 738 2623 Petro***
***eljadahuis@mweb.co.za***
***www.eljadahuis.weebly.com***